Woensdag 20 Mei

Skrifgedeelte: Matteus 12:46-50 (AFR2020)

Fokusgedeelte: Matteus 12:50

Uit genade word ons "broers", "susters" en "moeders" van Christus

Elke familie het unieke eienskappe. Ons kan dikwels aan iemand se bepaalde eienskappe sien van wie hy of sy familie is. Ons kan dalk sê: "Hy het sy pa se oë." "Sy lyk net soos haar ma." "Almal uit daardie familie is atlete." Dit is egter nie net waar van ons aardse familie nie, maar ook van ons geloofsfamilie. In Matteus 12:46-50 sê Jesus by wyse van 'n metafoor dat daar 'n spesifieke eienskap is wat sal wys of ons deel van sy familie is. Watter eienskap is dit? Dit is om die wil van ons hemelse Vader te doen.

Hoe het dit dan gebeur dat ons in God se huisgesin/familie mag wees? Die Vader het uit genade ons deur Jesus Christus as sy kinders aangeneem (Ef. 1:3-5, 2:6, 19). Ons is die kinders wat die Vader vir Jesus gegee het en daarom is Jesus nie skaam om ons sy broers te noem nie (Heb. 2:10-13). Wanneer ons glo, bevestig die Heilige Gees dat ons kinders van God is en deur Hom roep ons: "Abba, Vader!" (Rom. 8:15-16).

As "broer", "suster" en "moeder" van Christus moet ons onsself dan afvra: Doen ek die wil van die Vader in hoe ek teenoor my huweliksmaat optree? Kan jou kinders getuig dat jy 'n ouer is wat God se wil doen? As kinders moet ons onthou dat die uitleef van ons hemelse Vader se wil die belangrikste in ons lewe moet wees. Is hierdie eienskap sigbaar in die manier waarop ons kommunikeer? As lidmaat van 'n gemeente moet ek 'n lewe binne en buite die gemeente hê wat by my geloofsbelydenis pas. Dit is genade om hierdie eienskap wat die Heilige Gees in ons bewerk, te mag hê (Rom. 8:14). Dit is genade om deel van God se huisgesin te mag wees.

*Sing: Psalm 25-1:2*

*Ds. SB (Barend) van der Westhuizen (Ermelo)*